KAAP AGULHAS MUNISIPALITEIT
CAPE AGULHAS MUNICIPALITY
U MASIPALA WASECAPE AGULHAS

NOTULE VAN 'N BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OM 10:00 OP MAANDAG 29 OKTOBER 2018 IN DIE MUNISIPALE RAADSAAL TE BREDASDORP

MINUTES OF A MAYORAL COMMITTEE MEETING HELD ON MONDAY, 29 OCTOBER 2018 AT 10:00 IN THE MUNICIPAL COUNCIL CHAMBERS, BREDASDORP

RAADSLEDE

MNR	P J SWART	Uitvoerende Burgemeester
ME	Z TONISI	Uitvoerende Onder-Burgemeester
MNR	G D BURGER	Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee
ME	M OCTOBER	Lid van die Uitvoerende Burgemeesterskomitee
MNR	J NIEUWOUDT	

AMPTENARE

Mnr D O'Neill	Munisipale Bestuurder
Mnr H Van Biljon	Direkteur: Finansies- en IT Dienste
Mnr K Mrali	Direkteur: Bestuursdienste
Mnr A Jacobs	Direkteur: Infrastruktuurdienste
Mnr S Cooper	Bestuurder: Elektrotegniese Dienste
Mnr B Hayward	Bestuurder: Stads- en Streeksbeplanning
Mnr G M Moelich	Bestuurder: Administrasie
Mnr F du Toit	Bestuurder: Boubeheer
Mnr O January	Wnde Bestuurder: Sosio-Ekonomiese Dienste
Me N Mhlati-Musewe	Divisional Head: HR Services & Organisational Development

1. **OPENING**

Die Burgemeester heet die teenwoordiges welkom en mnr Hayward open die vergadering met gebed.

2. **AANSOEKE OM VERLOF TOT AFWESIGHEID / *APPLICATIONS FOR LEAVE***

Geen.

3. **ONDERHOUDE MET AFGEVAARDIGDES EN/OF ANDER BESOEKE**

Geen.

4. **NOTULES VAN VORIGE VERGADERINGS VOORGELê VIR BEKRAGTIGING**

4.1 **NOTULE VAN BURGEMEESTERSKOMITEE VERGADERING GEHOU OP:**

20 September 2018

BESLUIT BK188/2018

Bogenoemde Notule word as korrek en volledig bekragtig.

5. **SAKE VOORTSPRUITEND UIT NOTULE**

5.1 Die Burgemeester versoek 'n volledige verslag ten opsigte van dienslewering gedurende die komende vakansieseisoen.

5.2 Ondersoek moet gedoen word na 'n moontlike werkskeppingsprojek om privaat- en munisipale erwe skoon te maak.

5.3 Mnr Oscar January gee terugvoer ten opsigte van die tuinbouprojek in Napier.

5.4 Die Munisipale Bestuurder bevestig dat 'n skrywe na die Morawiese Sendingkerk gestuur is in verband met hulle uitstaande dienstegelde (bykans R3 000 000).

6. **VERKLARINGS EN/OF MEDEDELINGS DEUR DIE VOORSITTER**

6.1 **BRIEWE VAN DANK**

Geen.

6.2 **FUNKSIES VIR DIE MAAND**

Die Burgemeesterskomiteelede sal gedurende November 2018 alle dorpe binne die Kaap Agulhas munisipale area besoek met die spesifieke fokus op "'n skoon omgewing".

7. **VERSLAE**

Bladsy

7.1 **VERSLAG VAN DIE INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE**

7.1.1 Maandverslae: September 2018 **4**

7.2 **VERSLAG VAN DIE BESTUURSDIENSTE KOMITEE**

7.2.1 Maandverslae: September 2018 **4 - 5**
7.2.2 Verslae uit die kantoor Van Die MB: September 2018 **5**

Bladsy

7.3 **VERSLAG VAN DIE FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE**

7.3.1 Maandverslae: September 2018 **5 - 6**

7.3.2 Paapekuil Eiendomme: Oordrag van erwe 2706 en 2764, Struisbaai na KAM **7**

8. **ADDISIONELE ITEMS DEUR DIE UBK HANTEER**

8.1 P & B Lime Works: Land and Infrastructure **7 - 8**

9. **DRINGENDE SAKE DEUR DIE MUNISIPALE BESTUURDER**

Geen.

10. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN MOSIES**

Geen.

11. **OORWEGING VAN KENNISGEWING VAN VRAE**

Geen.

12. **OORWEGING VAN DRINGENDE MOSIES**

Geen.

13. **VERSLAG DEUR MUNISIPALE BESTUURDER OOR DIE UITVOERING VAN UBK BESLUITE**

Lys van onafgehandelde besluite word aangeheg op ***bladsy 9***.

14. **IN-KOMITEE VERSLAE**

Die In-Komitee items word vertroulik hanteer.

15. **SLUITING**

Die vergadering verdaag om 12:00

7. VERSLAE

7.1 INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE / *INFRASTRUCTURE SERVICES COMMITTEE*

7.1.1 VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: INFRASTRUKTUURDIENSTE VIR SEPTEMBER 2018 / *REPORT FROM THE DIRECTOR: INFRASTRUCTURE SERVICES FOR SEPTEMBER 2018*

DOEL VAN VERSLAG / *PURPOSE OF REPORT*

Oorweging van die maandverslag vanaf die Direkteur: Infrastruktuurdienste vir September 2018. / *Considering the monthly report from the Director: Infrastructure Services for September 2018.*

AGTERGROND / *BACKGROUND*

Die maandverslag vir September 2018 word aangeheg op ***bladsy 1 tot 23***. / *The monthly report for September 2018 is attached on **page 1 to 23**.*

BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION

Dat die maandverslag van die Direkteur: Infrastruktuurdienste vir September 2018 aanvaar word. / *That the monthly report from the Director: Infrastructure Services for September 2018 be accepted.*

AANBEVELING: INFRASTRUKTUURDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: INFRASTRUCTURE SERVICES COMMITTEE

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

BESLUIT BK189/2018

Dat die Infrastruktuurdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

7.2 BESTUURSDIENSTE KOMITEE / MANAGEMENT *SERVICES COMMITTEE*

7.2.1 VERSLAG VAN DIE DIREKTEUR: BESTUURSDIENSTE VIR SEPTEMBER 2018 / *REPORT FROM THE DIRECTOR: MANAGEMENT SERVICES FOR SEPTEMBER 2018*

DOEL VAN VERSLAG

Oorweging van die maandverslag vanaf die Direkteur: Bestuursdienste vir September 2018.

AGTERGROND

Verslae word soos volg aangeheg:		**Bladsy / *Page***
(i)	Publieke Dienste / Public Services	**24 - 33**
(ii)	Behuising / *Housing*	**34 - 37**
(iii)	Biblioteekdienste / *Library Servic*	**38 - 44**
(iv)	Beskermingsdienste / *Protection Services*	**45 - 55**

BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION

Dat die maandverslag van die Direkteur: Bestuursdienste vir September 2018 aanvaar word.
That the monthly report from the Director: Management Services for September 2018 be accepted.

AANBEVELING: BESTUURSDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: MANAGEMENT SERVICES COMMITTEE

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
(ii) Dat 'n volledige ondersoek gedoen word na die lewensvatbaarheid van alle vakansieoorde.
(iii) Dat kennis geneem word dat daar steeds grafte beskikbaar is in Struisbaai-Noord begraafplaas en dat die omgewingsimpakstudie reeds in aanvang geneem het vir die nuwe geïdentifiseerde perseel.

BESLUIT BK190/2018

(i) Dat die Bestuursdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.
(ii) Dat die verslag ten opsigte van vakansieoorde voor 30 Maart 2019 voorgelê sal word.

7.2.2 VERSLAE UIT DIE KANTOOR VAN DIE MUNISIPALE BESTUURDER VIR SEPTEMBER 2018 *REPORTS FROM THE OFFICE OF THE MUNICIPAL MANAGER FOR SEPTEMBER 2018*

DOEL VAN VERSLAG

Oorweging van die maandverslag uit die kantoor van die Munisipale Bestuurder vir September 2018.

AGTERGROND

Verslae word soos volg aangeheg:	**Bladsy / *Page***
Menslike Ontwikkeling / *Human Development*	**56 - 59**

BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION

Dat die maandverslag uit die kantoor van die Munisipale Bestuurder vir September 2018 aanvaar word.
That the monthly report from the office of the Municipal Manager for September 2018 be accepted.

AANBEVELING: BESTUURSDIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: MANAGEMENT SERVICES COMMITTEE

Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word. / *That Management's recommendation be accepted.*

BESLUIT BK191/2018

Dat die Bestuursdienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

7.3 FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE / FINANCE- AND IT *SERVICES COMMITTEE*

7.3.1 MAANDVERSLAG: FINANSIES- EN IT DIENSTE VIR SEPTEMBER 2018 / *MONTHLY REPORT: FINANCE- AND IT SERVICES FOR SEPTEMBER 2018*

DOEL VAN VERSLAG

Oorweging van die maandverslag vanaf departement Finansies- en IT Dienste vir September 2018.

AGTERGROND

Verslae word soos volg aangeheg:

(i)	**Kantoor van die Munisipale Bestuurder / *Office of the MM***	**Bladsy / Page**
	• Strategiese Dienste / *Strategic Services*	**60 - 74**
	• Administrasie / *Administration*	**75 - 79**
	• Stadsbeplanning / *Town Planning*	**80 - 85**
	• Menslike Hulpbonne / *Human Resources*	**86 - 97**
(ii)	**Finansiële Dienste en Tesourie / *Finance and Treasury***	**Bladsy / Page**
	• Section 52 Report	**98 - 119**
	• Revenue	**120 - 131**
	• Expenditure	**132 - 141**
	• Supply Chain and Fleet Management	**142 - 176**
	• Information Communication	**177 - 202**

Die klem van bespreking insake die finansiële verslae is gefokus op die volgende staande items vir terugvoer / vordering in terme van die langtermyn finansiële plan asook die "Revenue Enhancement" strategiese doelwitte, naamlik:

1. Verbetering van die munisipaliteit se likwiditeit finansiële aanwyser.
2. Verbetering van die munisipaliteit se kontant posisie.
3. Beoogde aanvul van die Kapitaal Vervangingsreserwe (CRR).
4. Spandering- / Begrotingsbeheer ingesluit verwagte inkomste vooruitskatting.
5. Kapitaal besteding vir die jaar-tot-datum enige verwagte uitdagings.
6. Koste besparing maatreëls en monitering daarvan.
7. Afwyking van SCM prosesse en voldoende motivering.
8. Vordering met MSCOA / Nuwe Finansiële Stelsel.

BESTUURSAANBEVELING / MANAGEMENT RECOMMENDATION

Dat die maandverslag vanaf departement Finansies- en IT Dienste vir September 2018 aanvaar word.
That the monthly report from the department Finance- and IT Services for September 2018 be accepted.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: FINANCE- AND IT SERVICES COMMITTEE

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
(ii) Dat 'n ondersoek gedoen word na die verkoop van HOP-huise en 'n verslag aan die Raad voorgelê word.
(iii) Dat die "Section 52 Report" ook na die Raad verwys word.

BESLUIT BK192/2018

(i) Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesters-komitee aanvaar word.
(ii) Dat 'n ondersoek gedoen word na munisipale amptenare wat uitstaande verkeersboetes met munisipale voertuie het.

7.3.2 **PAAPEKUIL EIENDOMME: OORDRAG VAN ERWE 2706 EN 2764, STRUISBAAI NA KAM (DFID)**

DOEL VAN VERSLAG

Goedkeuring word verlang vir uitklaring ten einde erwe 2706 en 2764 te Struisbaai oor te dra in die naam van Kaap Agulhas Munisipaliteit.

AGTERGROND

'n Skrywe, soos aangeheg op ***bladsy 203 tot 205*** is vanaf Nilands Prokureurs ontvang waarin hulle uitklaring verlang ten einde bogenoemde erwe te kan transporteer in die naam van Kaap Agulhas Munisipaliteit (die skrywe verwys egter foutiewelik na Struisbaai Plaaslike Raad).

Die nodige uitklaringsyfers is aan hulle deurgegee. 'n Skrywe, soos aangeheg op ***bladsy 206*** is weer vanaf hulle ontvang waarin hulle ons meedeel dat Paapekuil Eiendomme gederegistreer is en dat daar geen gelde is om die rekeninge ten volle te kan vereffen nie. Die bedrag betaalbaar is tans R11 640,18. Die waardasie van die eiendomme word nog aangedui op die moeder erf 2677, Struisbaai.

FINANSIëLE IMPLIKASIE

R11 640,18 - Benodig om uitklaring sertifikaat uit te reik.

BESTUURSAANBEVELING

Aangesien die eiendom na die Raad oorgedra moet word en in die lig gesien dat Paapekuil Eiendomme gederegistreer is en oor geen fondse beskik nie, word aanbeveel dat die Raad dit oorweeg om die betrokke gelde (R11 640,18) af te skryf ten einde die transaksie te kan finaliseer.

AANBEVELING: FINANSIES- EN IT DIENSTE KOMITEE / RECOMMENDATION: FINANCE- AND IT SERVICES COMMITTEE

(i) Dat die Bestuursaanbeveling aanvaar word.
(ii) Dat die Raad die oordrag/-kostes van genoemde eiendomme sal hanteer.

BESLUIT BK193/2018

Dat die Finansies- en IT Dienste Komitee se aanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

8. **ADDISIONELE ITEM DEUR DIE UBK HANTEER**

8.1 **P & B LIME WORKS: LAND AND INFRASTRUCTURE (DIS - ALL WARDS)**

PURPOSE OF REPORT

The purpose of this report is for Council's consideration to accept the parcel of land with buildings in principle from P&B Lime at no cost.

BACKGROUND

P & B Lime Works are in the process of moving into their new premises mid-November 2018. They have approached Council to accept the buildings and land, instead of demolishing the buildings and to rehabilitate the site. The size of the land is 36 974 m², layout attached.

The site is ideal for an alternative entrance to the landfill site, which will alleviate traffic past informal residential area. The proposal is that Solid Waste Management unit moves in to the premises as a weigh bridge is present and adds great value to the municipality. Recycling will move to this new site, including composting of organic and green waste.

LEGAL IMPLICATION

Transfer of Title Deed needs to be concluded.

FINANCIAL IMPLICATION

The costs incurred by the municipality would be to subdivide, rezone and make the site fit for use with services such as IT services and fencing. Detailed financial costing will be finalized on approval.

MANAGEMENT RECOMMEDATION

That Council approve in principle to accept the P & B Lime Works site by mid-November 2018 to avoid vandalism of the site.

RESOLUTION BK194/2018

(i) That the management recommendation be accepted as resolution of the Mayoral Committee.
(ii) That a full financial report be submitted to Council, which also includes the fencing of the new property.

13. ONAFGEHANDELDE UBK BESLUITE

Besluit Nr	Onderwerp	Verkorte Besluit	Vordering	Verant-woordelike persoon
BK11/2014	Pad na Suiderstrand (16/3/3/2)	(i) In gesprek getree word met relevante rolspelers vir oorweging van 'n moontlike memorandum van ooreenkoms. (ii) Na afhandeling van die memorandum van ooreenkoms daar by die Provinsiale Minister van Publieke Werke aansoek gedoen word vir eksterne befondsing om die pad te herstel.	***SANPARKE gaan 1,2km van die pad plavei binne 2016/17 finansiële jaar.*** ***Wyksraadslid het reeds versoek om befondsing aan die minister gerig.***	DSID
BK218/2017	Vervreemding (koop): Erf 2789, Struisbaai	Dat die aangeleentheid terugverwys word vir verdere ondersoek en die inwin van 'n markwaarde as residensiële eiendom (in plaas van 'n publieke oop ruimte).	***Nuwe verslag sal aan Raad voorgelê word.***	Eiendoms-administrasie
BK221/2017	Vervreemding (huur): Ged erf 1343, Bredasdorp	Dat die aangeleentheid terugverwys word sodat die Departement Landbou die dravermoë vir die aanhou van vee kan bepaal.	***Nuwe verslag sal aan Raad voorgelê word.***	Eiendoms-administrasie
BK223/2017	Oorskryding: Ged erf 521, L'Agulhas	(i) Dat die aangeleentheid terugverwys word. (ii) Dat Dept Omgewingsake genader word vir hul insette ten opsigte van die wetlike implikasies. (iii) Dat die aangeleentheid teruggehou word in afwagting op die finale verslag van die Erfenis Beampte van Erfenis, Wes-Kaap.	***Nuwe verslag sal aan Raad voorgelê word.***	Eiendoms-administrasie
BK39/2018	Vervreemding (huur): Erf 390, L'Agulhas	Dat 'n volledige ondersoek aangaande erwe 390 en 608, L'Agulhas uitgevoer word ten opsigte van hul toekomstige ontwikkelingspotensiaal.	***Nuwe verslag sal aan Raad voorgelê word.***	Eiendoms-administrasie
BK40/2018	Vervreemding (huur): Ged erf 1344, Bredasdorp (Lebombokamp)	Dat die aangeleentheid terug verwys word na die LED afdeling vir verdere ondersoek wat ook verslae van Departement Landbou sal insluit.	***Nuwe verslag sal aan Raad voorgelê word.***	Eiendoms-administrasie
BK41/2018	Vervreemding (koop): Erf 663, WHKrans	(i) Dat die aangeleentheid na die Wykskomitee verwys word vir bespreking en daarna weer aan die Komitee voorgelê word. (ii) Dat die LED afdeling 'n volledige ondersoek oor genoemde erf doen, wat sal insluit die ontwikkeling van 'n moontlike gemeenskapsfasiliteit wat ook besighede insluit.	***Nuwe verslag sal aan Raad voorgelê word.***	Eiendoms-administrasie
BK42/2018	Hersiening: Huurooreenkoms - Kindersorg, Napier	Dat 'n markverwante huurbedrag verkry word en na die Raad verwys word vir oorweging.	***Nuwe verslag sal aan Raad voorgelê word.***	Eiendoms-administrasie
BK106/2018	Betaalpunte: Oop tydens etensuur	(i) Verdere ondersoek gedoen word om betaalpunte tydens etensuur oop te hou. (ii) Dat die ondersoek ook uitgebrei word na die Verkeersafdeling.	***Nuwe verslag sal aan Raad voorgelê word.***	

BESTUURSAANBEVELING

Dat die Komitee kennis neem van die onafgehandelde besluite.

BESLUIT BK195/2018

Dat die Bestuursaanbeveling as besluit van die Burgemeesterskomitee aanvaar word.

Hierna gaan die UBK In Komitee om sake van vertroulike aard te bespreek.

BEKRAGTIG op hierdie dag van **2018**

_____

BURGEMEESTER **DATUM:**